VERJAARSDAE : 3 TOT 9 MEI 2009

05/03	HELEEN	NEL	HANS STRIJDOMLN 51	Blok 3
05/03	TANIA	NEÜ	KRUGERLN 250A	Blok 1
05/04	CATHERINE	DU PREEZ	DF MALANLN 94	Blok 3
05/05	ROHAN	VON SOLMS	HANS STRIJDOMLN 110A	Blok 3
05/05	DEWALD	VON SOLMS	HANS STRIJDOMLN 110A	Blok 3
05/05	ELRICH	YSSEL	LANGEBRINKWEG 47	Blok 3
05/06	LETTIE	LEACH	KRUGERLN 290	Blok 1
05/07	WELMA	CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 182	Blok 2
05/07	CORNÉ	VILJOEN	KRUGERLN 14	Blok 4
05/07	FRANCOIS	ROOS	KRUGERLN 102	Blok 3
05/08	WYNAND	DEYSEL	ERIKA WS 4.	Blok 1
05/09	JACOBUS	HUMPHRIES	MOLTENOWEG 4	Blok 2
05/09	KOBUS	BADENHORST	VAN RIEBEECKLN 281	Blok 1

SPESIALE GELUKWENSING

Aan Lettie Leach, Krugerln 290 wat Woensdag, 6 Mei haar 80ste verjaarsdag herdenk ons hartlike gelukwense met hierdie mooi mylpaal in haar lewe. Mag die Here u ryklik seën in die nuwe lewensjaar.

HUWELIKHERDENKINGS : 3 TOT 9 MEI 2009

SONDAG, 3 MEI

TJAART EN STEPHANIE DUVENAGE	HOFMEYERWEG 52	Blok 1

DONDERDAG, 7 MEI

MARTIN EN GERDA STRAUSS	HANS STRIJDOMLN 120	Blok 3

OMSKAKELING VAN NUWE TEGNOLOGIE

Ek kan vir u daardie VHS bande oorsit na DVD toe en ook u LP's na CD. Benodig u dalk hierdie diens, moenie huiwer om Thalia Horn te skakel vir pryse 082 450 1629 of 012 653 7547

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is volhoubare gesondheid dmv 'n natuurlike benadering, lewenstylbeplanning en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 3 Mei 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 3 MEI

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Erediens: Jacques Erasmus (Voorbereiding)

MAANDAG, 4 MEI

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 5 MEI

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 6 MEI

17:00 Biduur

DONDERDAG, 7 MEI

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alpha-kursus

VRYDAG, 8 MEI

06:00-06:30:Stiltediens
18:00 OppiKoffie "Bash"
18:30 Emmaus-byeenkoms

SONDAG, 10 MEI

09:00 Nagmaal: Freddie Schoeman
09:00 Kinderediense
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
17:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 11 MEI

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 12 MEI

09:00 Sustersbiduur/4Bybelstudie

WOENSDAG, 13 MEI

17:00 Biduur
19:00 Diakonievergadering

DONDERDAG, 14 MEI

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 15 MEI

06:00 Stiltediens
18:00-22:00: OppiKoffie

SATERDAG, 16 MEI

08:00 Woordwyser Bybelskool

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084-581-8139) of Max Amsenga (012-664-3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Chris en Arina Liebenberg, Van Riebeeckln 81 met Chris wat in die hospitaal is (Blok 4).
2. Bessie du Plessis, Krugerlaan 239(b) wat 'n ernstige operasie in die Kaap ondergaan het. Sy sterk by haar seun en skoondogter in die Kaap aan en dit gaan beter. Ons bid haar sterkte toe (Blok 1).
3. Willie en Tania Neü, Krugerln 250a met en Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1)
4. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ting ondergaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

FEESBUNDEL

Lidmate wat Feesbundels bestel het word versoek om dit asseblief **dringend** by Max af te haal by Krugerlaan 286, telefoon (012) 664-3629.

Die prys is R100 per eksemplaar.

Baie dankie.

DIE GEBEDSBRIEF 13 : SONDAG 3 MEI 2009

Goeie Môre Gemeente

Wat 'n wonderlike ervaring het ek nie beleef verlede naweek nie. Ek was op die Emmaus Walk en wat 'n ongelooflike ondervinding was dit nie om vir 72 uur in God se teenwoordigheid te wees nie. Om saam met Jesus die pad van Emmaus te stap nie. As u meer wil uitvind hieroor vra gerus vir Ds Freddie. Dis iets wat elkeen moet beleef. Vir oud en jonk. Daar was 'n tannie van 71 en sy het 'n wonderlike ervaring gehad. Hoop regtig u kan dit ook beleef.

God het soveel wonderlike beloftes in die skrif waarop ons kan staatmaak en vertrou, gemaak. Hier volg 'n verdere paar beloftes deur Hom gemaak:

BELOFTES OOR GEESTELIKE GROEI:

Ek is veral daarvan oortuig dat God, wat die goeie werke in julle begin het, dit enduit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom. (Fil.1:6; Joh.17:18-19; 2 Pet.1:3-4; 2 Kor.3:18; 1 Kor.1:8; Ef.3:17-19; Fil.1:9-10).

BELOFTES OOR GEESTELIKE GAWES:

As God eenmaal aan mense sy genadegawe geskenk en hulle geroep het, trek hy dit nooit weer terug nie. (Rom.11:29; Rom.12:5-8).

BELOFTES I.V.M. DIE WAARHEID:

Wanneer die voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig. (Joh.15:26; Joh.8:31-32; Joh.16:3; Ef.5:9).

BELOFTES OOR GOD SE LIEFDE:

Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin, dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (Rom. 5:8; Jer.31:3; Jes. 54:10; 1 Joh. 4:9-10; Joh. 15:9; 1 Joh. 3:1).

BELOFTES OOR VREUGDE/BLYDSKAP:

Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees. (Joh. 15:11; Ps. 16:11; Rom. 14:17; Jes. 55:12; Jes. 35:10).

BELOFTES OOR DIE VREDE VAN GOD:

Oor ons oortredinge is Hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (Jes53:5; Joh. 14:27; Rom. 5:1; Fil. 4:7; Rom. 5:22).

Woordwyser Bybelskool

Help elke gelowige Bybelleser om die Bybel beter te verstaan—'n "wyser" na die "Woord" toe.

Datum	Onderwerp	Aanbieder
16 Mei 2009	Hoe hoor ons God se stem in die evangelies?	Kobus Myburgh
20 Junie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Sewende eeuse profete lees?	Willie van Heerden
25 Julie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Jeremia en Klaagliedere lees?	Wille van Heerden
12 September 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Esegiël lees?	Gustav Claasen
17 Oktober 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Priestergeskrif en Deutero-Jesaja lees?	Fanie Cronjé
14 November 3009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Deuteronomis en die Ballingskapspsalms lees?	Willem Boshoff

08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139,
vul 'n terugvoervorm in

of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za Jy kan ook op ons webblad registreer by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/woordwys2009.html

Die Bybelskool is 'n sinodale projek van die Oostelike Sinode. Let op dat dit geherstruktureer is

NUWE BOODSKAPREEKS
10 Mei—21 Junie 2009

Mekáár

Wat dit beteken om deel van 'n geloofsgesin te wees

[Deel van jaartema: Leef naby aan God—hoe om God se stem te hoor deur na mekaar te luister]

Temas:

10 Mei	Inleiding: Luister na God deur na mekaar te luister
17 Mei	Ons *vergewe* mekaar
24 Mei	Ons *versorg* mekaar
31 Mei	Ons *versterk* mekaar
7 Junie	Ons *verryk* mekaar
14 Junie	Ons *vervul* ons funksie
21 Junie	Viering

Die volgende sal beskikbaar wees en by die tema aansluit:

- Dagstukkies
- Kleingroepriglyne
- Huisgodsdiensriglyne

Watter soort kleingroep wil jy deel van wees?

Vriendskapsgroep * Omgeegroep * Bybelstudiegroep * Groeigroep * Bedieningsgroep * Dissipeskapsgroep

[Dui keuse op terugvoervorm aan]

BELOFTES OOR DIE HOOP VAN DIE CHRISTEN:

Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees. (Rom. 15:4; Kol. 1:27; 1 Pet. 1:3; Heb. 6:18-19; Rom. 5:2; Rom 15:13).

BELOFTES OOR DIE WEDERKOMS VAN JESUS:

In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. (Joh. 14:2-3; Joh. 14:28; Hand. 1:11; 1 Tess. 4:16-17; Kol. 3:4; Heb. 9:28; Op. 1:7).

Liewe gemeente

Lees gerus hierdie Bybelstukke wat aangedui word en groei in julle geloof .... leer en neem in wat God regtig vir jou wil sê en van jou verwag. Vertrou op Hom en los al jou probleme in Sy hande. Hy alleen weet wat die toekoms vir ons inhou - ons hoef net op Hom te vertrou!!! Sal dit nie wonderlik wees as ons gehaal kan word deur Jesus en saam met Hom kan gaan woon waar Hy nou is nie? Wees opgewonde daaroor en leef in vreugde en liefde. Die lewe is 'n fees!

Christus liefde

Die gebedspan

Word deel van die

FEESKOMITEE!

'n Bediening wat daarop gemik is om gemeentefunksies,
-etes en –feeste te reël.

Kom stel jou gawes en talente tot beskikking van die gemeente:

Voedselvoorbereiding
Tafel en –lokaalversierings
Tema-ontwikkeling, ens.

Mans én vroue welkom om aan te meld

Kontak Ronél Vorster by 082-411-3855

Alpha

'n Geleentheid

om die betekenis
van die lewe te ontdek

23 Junie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein
van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

BOOMSLOPING EN
SNOEI VAN BOME EN STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 656 4992

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 30 Mei 2009

08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2009.html
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog twee ander geleenthede hierdie jaar:
29 Augustus 2009
7 November 2009

ROMMELVERKOPING

Ons rommelverkoping vir die verspreiding van Bybels vind plaas op ***DINSDAG, 5 MEI*** vanaf 06:30 die oggend.

Ons vra nou al dat u u kaste deurgaan en alles wat vir u in onbruik geraak het of oortollig is, deurgee aan Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (telefoon 664 3364) of Dries van der Merwe by Van Riebeecklaan 149 (664 2469). **ONTHOU ...** Wat vir u nie meer bruikbaar is nie, kan vir iemand anders van groot waarde wees. Daar is veral 'n behoefte aan linneware in die vorm van lakens, gordyne, ensovoorts. Komberse is natuurlik altyd welkom. Baie dankie byvoorbaat vir u bydraes.

Die prys van die Bybels het gestyg maar ons subsideer dit nog steeds uit hierdie fondse. Help ons asseblief!

BAIE BELANGRIK ... Ons soek hulp met die merk van die artikels op MAANDAG, 4 MEI in die gemeentesentrum vanaf 09:00.